



## WEEK 5: Jesus sterf alleen

**Mattesu 27:27-56**

### Inleiding

*"I don't (tell my patients how to overcome their fear). Everything in life is scary. Choosing a school, choosing a career, getting married, having kids – all those things is scary."*

(Paul Tournier)

As jy dink aan die kruisverhaal – wat is daar wat jy dink vir Jesus "heavy scary" moes gewees het?

Waarvoor is jy op die oomblik bang?

### Agtergrond

Jesus se uitdaging is baie duidelik dat as ons Hom wil volg, dat ons bereid sal moet wees om ons kruise te dra. En dit is nie 'n gemaklike opdrag nie, want Jesus dra sy kruis na Golgota toe waar Hy gespot is, verneder is, ervaar wat dit is om deur God en mense verlaat te word en uiteindelik dood gemaak te word.

**Lukas 9:23** "As iemand agter My aan wil kom (My wil volg), moet hy homself verloën, elke dag sy kruis opneem en My volg..."

### Skriflesing: Lees Matteus 27:27-56

- ❖ **Lees die kruisverhaal 2 maal hardop in die groep. Gee dan vir elkeen kans om die verhaal op hul eie te lees. Skryf neer en deel met mekaar wat julle getref het.**
  - **Watter emosies lees jy hier raak?**
  - **Watter optrede van mense skok jou?**
- ❖ **Jesus sterf alleen.** Ons lees dat die dissipels afwesig is, ander volgelinge (vroue) staan op 'n afstand. Daar is niemand wie Hy genees het of wat 'n wonderwerk ervaar het nie. **En dit wil lyk of God niks doen nie.** Daar vind geen wonderwerk plaas nie. **En God is stil.** **Ons kan maklik met die vraag worstel: Hoekom doen God niks nie?**
  - **Was jy al in situasies waar dit vir jou gevoel het of God nie help nie? Of waar jy 'n antwoord soek en dit vir jou voel of God niks sê nie?**
  - **Al wat Jesus volgens Matteus tydens sy kruisigung sê, is v 46. Wat is dit?**

- Daar is nie ander woorde om om die diepte van sy alleen-wees te beskryf nie!
- ❖ Waarom dink julle moes Jesus hierdie pad stap?

*(Vir ons om te weet dat Jesus verstaan wat dit is om alleen, om sonder God te wees, as almal jou drop en niks uitwerk nie – Jesus weet!)*

- ❖ En as Jesus sterf gebeur iets iteressant in die tempel – v 50-51. Wat dink julle is die betekenis daarvan?

(Die voorhangsel skei die res van die tempel af van die allerheiligste – waar God is en net een priester mag een maal per jaan daar ingaan. Toegang tot God was beperk. Nou nie meer nie. Jesus sterf en die pad na God toe is oop!)

- ❖ Watter troos is daarin vir ons lyding? Watter troos is daar vir jou as jy hierdie 2 goed mag weet:

(1) Jesus verstaan ons swaarkry en alleenwees en

(2) dit is juis in ons lyding dat ons kan ontdek dat God daar is – die pad na Hom toe is oop!

### Ons uitdaging is: (*works*)

- i. Hoe kan ons mekaar in swaarkry help?
- ii. Watter belofte uit hierdie gedeelte gaan jy hierdie week aan vashou?

### Ons bid vir: (*worship*)

1. Noem een saak uit hierdie gedeelte wat jy geleer het en wat jou die meeste challenge en vra die groep om vir jou daarvoor te bid.
2. Dank die Here vir sy voorbeeld en die uitdaging wat dit vir ons inhoud, asook vir sy belofte dat Hy aan die kruis vir ons sterf.